Les 17: IS DAAR 'N ONSTERFLIKE SIEL?

Die onsterflikheid van die siel is 'n leerstelling waaraan meeste mense vandag glo, hetsy in kerklike of nie-kerklike verband. Die meerderheid Christelike leraars en hul lidmate glo vas dat die siel onsterflik is, met ander woorde, apart van die liggaam. Mense word geleer dat kwaad doeners en onbekeerde sondaars geoordeel sal word en dan die ewigheid in 'n nimmereindigende hellevuur brand; daar inteendeel gaan die goeie bekeerde mense vir ewig in die hemel woon.

Die eertydse gemeente het nie die konsep van 'n ewigheid "in die hemel of hel" geleer nie. In die Vader se gebed, wat Yahshua aan Sy dissipels geleer het, het Hy hulle geleer om soos volg te bid.

Matt 6:10 "laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;..."

Yahweh het die aarde as die mens se erfenis belowe, nie die hemel nie. In die Bybel is dit geskryf dat die Messias vir 1000 jaar op hierdie aarde sal heers (nie in die hemel nie) en dan sal 'n nuwe aarde kom.

Leerstellings van die hemel, die hel en die onsterflike siel het gewildheid verwerf lank na die apostels se dood. Geskiedkundig word dit bewys dat sulke leerstellings afkomstig was van Rooms-Katolieke kerkvaders soos Clemens van Alexandria, Origen en ander wat geleidelik meeste Christene se ware geloof in 'n letterlike 1000 jaar, aardse regering saam met Messias verdraai het met die fokus om hulle te oortuig dat die onsterflike siel vir ewig in die hemel of hel voortbestaan.

Hoe het dit gebeur? Hellenistiese filosofie, gebaseer op antieke Egiptiese mitologie het die bron van leerstellings in die kerk geword, in plaas van die Bybel. Konsepte soos die onsterflikheid van die siel, 'n ewig brandende hel, die vagevuur en die hemel kom direk vanuit Egiptiese mitologie. Alle pogings was aangewend om die kerk meer aanvaarbaar te maak vir potensiële heidense bekeerlinge, daarom die fokus om heidense filosofieë te aanvaar en mense daarvan te leer eerder as die leerstellings vanuit die Bybel.

Plato, 'n Griekse filosoof, gebore in Athene, 42 V.M, was 'n student van die bekende Socrates. Plato se bekendste literêre werk, "*Phaedo*" handel oor die onsterflikheid van die siel. Die boek het die grondslag gelê vir ander geskrifte wat oor die leerstelling van 'n ewige hel handel waar bose siele kwansuis vir ewig gestraf word. **Die wêreld se konsep van die hel is weliswaar 'n produk van menslike denke en spekulasie!** Mense het hoofbrekens oor die uiteindelike lot van die ongelowige (Lees meer in hieroor in Les 6 en 7).

Vanuit die annale van die geskiedenis leer ons dat die konsep van 'n onsterflike siel duidelik vanuit die heidendom afkomstig is en nie vanuit die Heilige Skrif nie. Wat sê die Skrif oor die mens se siel?

Gen 2:7 En ***Yahweh Elohim het die mens geformeer uit die stof*** *van die aarde* ***en in sy neus*** *die* ***asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.***

Lees die vers weer, stadig. Hier staan nie geskryf dat die mens 'n siel het nie, maar dat "***die mens 'n lewende siel geword"*** het. Die man is vanuit die stof van die aarde gemaak en toe Yahweh, die Almagtige Skepper Sy asem van lewe in die mens se neus blaas het die mens 'n lewende siel geword.

Die Hebreeuse woord vir siel is "*nefesh*". Met ander woorde die mens is nie 'n "*nefesh*" nie, maar 'n "*lewende siel*". Dit is uiters belangrik om hierdie konsep van die skepping te verstaan want baie vals leerstellings vanuit die heidendom is gebaseer op die geloof dat die siel of "*nefesh*" apart van die liggaam beweeg soos 'n spook of gees wat ronddool, sodat wanneer 'n persoon sterf die siel vir ewig rondswerf buite die liggaam in die hemel of in die hel. Die leuen is deur Satan gefabriseer.

17.1 Wat sê die Skrif oor die siel van die mens?

Gen 2:16 En Yahweh Elohim het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet,
Gen 2:17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.

Yahweh het Adam gewaarsku dat hy sou sterf indien hy die verbode vrug sou eet. Die Almagtige Vader het nie gesê dat Adam vir ewig in 'n hellevuur sou brand nie, maar dat hy sou sterf. Die dood is die afwesigheid van die lewe, dit is nie om voort te gaan leef onder uitermatig slegte omstandighede nie. Dit is duidelik vanuit die opdrag aan Adam dat indien hy ongehoorsaam sou wees en omdat hy 'n lewende siel is, sy "*nefesh*" sou sterf en ophou om te bestaan.

17.2 Wie is nou eintlik die skrywer van die onsterflike siel leerstelling?

Gen 3:1 Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat Yahweh Elohim gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat Elohim gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?
Gen 3:2 En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,
Gen 3:3 maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het Elohim gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe.
Gen 3:4 Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie;
Gen 3:5 maar Elohim weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos Elohim sal wees deur goed en kwaad te ken.

Yahweh het baie duidelik vir Adam gesê dat hy sou sterf indien hy van die verbode vrugte eet. Satan het Eva met slim praatjies gemanipuleer sodat sy hom geglo het dat, in plaas van om te sterf vir hul ongehoorsaamheid, hulle 'n onsterflike siel sou ontvang. Die leuen wat Satan in die tuin van Eden vertel het is van geslag tot geslag in die heidendom oorgedra. Byna elke heidense geloof, insluitend die Christendom, glo in die onsterflikheid van die siel. Satan het vir 6000 jaar al die waarheid verdraai en die meeste mense en gelowe gebreinspoel om te glo dat daar geen straf vir ongehoorsaamheid is nie; inteendeel ongehoorsaamheid word beloon met 'n onsterflike siel. Sommige faksies in die Christendom gaan so ver om gemeentelede te oortuig dat jy die ewige lewe sal verloor indien jy gehoorsaam is aan Yahweh se Torah. Dit is hoe veel Satan se verdraaiing van die waarheid in die Tuin van Eden die mensdom se ongelowige, selfsugtige, menslike natuur voed.

Satan het Adam en Eva mislei deur oortuigend te lieg dat sonde nie met die dood gestraf word nie, maar eerder beloon word met 'n onsterflike siel soos die van Yahweh die Almagtige Vader.

17.3 Wat het Yahweh gesê is die straf van die sonde?

*Rom 6:23 Want d**ie loon van die sonde is die dood**, maar die genadegawe van Elohim is die ewige lewe in Yahshua die Messias, onse Meester.*

17.4 Staan dit in die Skrif geskryf dat 'n siel ook kan sterf?

Eseg 18:4 Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun—hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe.

Eks 31:14 Onderhou dan die sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit ontheilig, moet sekerlik gedood word; want elkeen wat daarop werk verrig, dié siel moet uitgeroei word onder sy volksgenote uit.

*Matt 10:28 En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar **vrees Hom** liewer **wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe** in die hel.*

Die mens is geskep as sterflik wese en toe Yahweh die asem van die lewe in Adam ingeblaas het, het hy 'n lewende siel geword. Nêrens in die Skrif staan geskryf dat Adam onsterflik was nie. In *Genesis 2:17* stel Yahweh dit duidelik dat die siel van 'n mens sekerlik kan sterf. Die Woord stel dit duidelik dat daar nie so iets soos 'n onsterflike siel is nie en dat 'n siel nie afsonderlik van die liggaam kan leef nie, maar inderdaad sal sterf.

17.5 Word diere ook "*nefesh*" of 'n lewende siel genoem?

Gen 1:20 En Elohim het gesê: Laat die waters wemel met 'n gewemel van lewende wesens, en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die uitspansel van die hemel.
Gen 1:21 En Elohim het die groot seediere geskape en al die lewende wesens wat beweeg, waar die waters van wemel, volgens hulle soorte; en al die gevleuelde voëls volgens hulle soorte. Toe sien Elohim dat dit goed was.

Gen 1:24 En Elohim het gesê: Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle soorte: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde volgens hulle soorte. En dit was so.

Gen 2:19 En Yahweh Elohim het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees.

Gen 9:10 en met al die lewende wesens wat by julle is: die voëls, die vee en al die wilde diere van die aarde by julle—al wat uit die ark uitgegaan het, naamlik al die diere van die aarde.
Gen 9:12 En Elohim het gesê: Dit is die teken van die verbond wat Ek sluit tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, vir ewige geslagte:
Gen 9:15 dan sal Ek dink aan my verbond wat daar bestaan tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees. En die waters sal nie meer 'n vloed word om alle vlees te verdelg nie.
Gen 9:16 As die boog dan in die wolke staan, sal Ek dit aansien om gedagtig te wees aan die ewige verbond tussen Elohim en al die lewende wesens in alle vlees wat op die aarde is.

*Pred 3:19 Want die **lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere:** hulle het **een en dieselfde lot;** soos **die een sterwe,** so **sterwe die ander,** en hulle **almal het dieselfde asem,** en 'n **voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie; want alles is tevergeefs.***
Pred 3:20 Alles gaan na een plek toe; alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug.

Die woord "*nefesh*" (siel) word gebruik om die lewe van 'n mens asook die van 'n dier aan te dui, met ander woorde 'n asemhalende skepsel. In die Skrif is daar geen onderskeid tussen die menslike siel en die siel van 'n dier nie. In beide gevalle word die woord "*nefesh*" gebruik om te impliseer dat hulle 'n lewende, asemhalende, entiteit is.

17.6 Is daar 'n verskil tussen 'n dier se lewe en die lewe van 'n mens?

Pred 3:21 Wie bespeur dat die asem van die mensekinders opgaan boontoe, en dat die asem van die veediere neerdaal ondertoe in die aarde?

Daar is 'n groot verskil tussen mens en dier. Tot dusver is bevestig dat beide mens en dier asemhaal gedurende hul leeftyd en dan sterf wanneer die asem van die lewe van hulle af weggeneem word. Yahweh het alleenlik aan die mens Sy geestelike aanleg gegee. Die gees wat die mens in staat stel om te dink, te redeneer en emosionele eienskappe soos liefde en deernis te betoon. Die dier se gees is instinktief ingestel en het glad nie dieselfde eienskappe soos die mens nie, byvoorbeeld wanneer 'n troeteldier sterf, word dit begrawe en dit is die einde. Wanneer die mens sterf keer die krag van sy gees terug na Yahweh die Vader omdat dit deel is van Sy ewige gees, die asem van die lewe deur Hom aan ons gegee met geboorte.

Hier volg 'n paar skrifgedeeltes wat die woord "*nefesh*" gebruik om te wys dat dit nie onsterflik is nie.

*Lev 21:11 En hy mag by **geen dooie** kom nie, selfs aan sy vader en moeder hom nie verontreinig nie;*
*Num 6:6 Al die dae dat hy hom aan Yahweh gewy het, mag hy nie by 'n **dooie** kom nie.*

*Num 19:11 Die een wat aan '**n dooie**, enige lyk van 'n mens, raak, hy sal sewe dae lank onrein wees.*
*Num 19:13 Elkeen wat aan **'n dooie** raak, aan die lyk van 'n mens wat gesterf het, en hom nie ontsondig nie, verontreinig die tabernakel van Yahweh, en dié siel moet uit Israel uitgeroei word. Omdat geen reinigingswater op hom uitgegooi is nie, sal hy onrein wees;sy onreinheid is nog aan hom.*

In elk van die bogenoemde gedeeltes vanuit die Skrif sien ons dat die siel sterf. In sommige Skrif gedeeltes word "*nefesh*" vertaal as *siel*, ander kere word dit vertaal as *liggaam* of *die lewe*. Van al die Skrifgedeeltes tot dusver gelees, sal jy agterkom dat 'n "*nefesh*" uit die asem van die lewe van Yahweh bestaan en dat dit suurstof in die bloed verskaf sodat ons kan leef.

*Gen 2:7 En Yahweh Elohim het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die **asem van die lewe geblaas**. **So het dan die mens 'n lewende siel geword**.*

*Lev 17:11 Want **die siel van die vlees is in die bloed**, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel.*
*Lev 17:12 Daarom het Ek aan die kinders van Israel gesê: Niemand van julle mag bloed eet nie; ook die vreemdeling wat onder julle vertoef, mag **geen bloed eet nie**.*
*Lev 17:13 En elkeen uit die kinders van Israel en uit die vreemdelinge wat onder hulle vertoef, wat 'n stuk wild of 'n voël vang wat geëet mag word hy moet **die bloed** daarvan laat uitloop en dit met grond toemaak;*
*Lev 17:14 want wat **die siel van alle vlees** aangaan, **sy bloed is met sy siel verbind**. Daarom het Ek aan die kinders van Israel gesê: Julle mag **die bloed van enige vlees nie eet nie**, want **die siel van alle vlees is sy bloed**; elkeen wat dit eet, moet uitgeroei word.*

In *Gen 2:7* word die eerste "*nefesh*" vertaal as "*lewe"* en later in die vers as "'n lewende siel". Die rede hiervoor is dat elke vorm van lewe van Yahweh afkomstig is. Yahweh het Sy asem in die neus van die mens geblaas wat suurstof aan die bloedstroom verskaf sodat die bloed in die liggaam sirkuleer om die mens te laat leef. Wanneer 'n persoon sterf is dit vanselfsprekend dat asemhaling stop; suurstof word nie ingeneem nie en die bloed sirkuleer nie. Dit is die rede waarom die lewe (siel / nefesh) in die sirkulasie van die bloed is en dit verbied word om bloed te eet. "*nefesh"* verwys altyd na die tydelike, fisiese lewe wat verskaf word deur die oksidasie proses van suurstof in die bloed. Die siel word vertaal as lewe vanweë die feit dat die siel 'n lewende, asemhalende, tydelike wese of mens is en nooit in die Skrif vertaal word as onsterflik nie. Dit word duidelik bewys dat 'n "nefesh" of siel 'n lewende wese is en nie 'n onsterflike gees is wat buite die liggaam as vlees en bloed die koninkryk van Yahweh kan beërwe nie.

1Kor 15:50 Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van Elohim nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.

17.7 Die siel sterf wanneer die mens weens die dood ophou asemhaal

Jes 53:10 Maar dit het Yahweh behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van Yahweh sal deur sy hand voorspoedig wees.
*Jes 53:12 Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat **Hy sy siel uitgestort het in die dood** en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.*

Die Messiaanse Skrifgedeelte handel oor die Messias wie Sy siel / "*nefesh"* uitgestort het as 'n skuldoffer. Dieselfde woord word in Levitikus gebruik vir diere offers wie se bloed uitgestort was vir die bedekking van sondes. Weereens word dit bevestig dat 'n siel sterf wanneer die persoon of

dier ophou asemhaal en die bloed nie meer in die liggaam sirkuleer nie.

Vanuit die Skrif is dit bewys dat die siel nie afstand kan doen van die liggaam nie, maar wel kan sterf. Die mens leef vir 'n paar jaar op aarde en word getoets om te bewys dat hulle getrou aan Yahweh (*Gen 6:3*) kan wees en dan sterf wanneer die asem van die lewe (siel) weggeneem word en suurstof nie langer in die bloed sirkuleer nie. Op daardie punt het die dooie geen bewussyn nie. Die Bybel vergelyk hierdie toestand soos wat dit moet wees om te slaap; die liggaam wat vanuit die stof van die aarde gevorm was word begrawe onder die grond vanwaar hy uitgeneem was.

Gen 3:19 In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet ***totdat jy terugkeer na die aarde****, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.*

Pred 9:5 Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar ***die dooies weet glad niks nie****, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet.*

1Kor 15:20 Maar nou, Messias is opgewek uit die dode; ***Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het****.*

1Tess 4:13 Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.
1Tess 4:14 Want as ons glo dat Yahshua gesterwe en opgestaan het, dan sal Elohim ook so die wat in Yahshua ontslaap het, saam met Hom bring.
1Tess 4:15 Want dit sê ons vir julle deur die woord van Yahweh, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van Yahweh, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.
1Tess 4:16 Want Yahweh self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van Elohim; en die wat in Messias gesterf het, sal eerste opstaan.
1Tess 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word Yahweh tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by Yahweh wees.

Hand 7:59 En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy Yahweh aanroep en sê: ***Meester Yahshua, ontvang my gees!***
Hand 7:60 En hy het op sy knieë neergeval en met 'n groot stem uitgeroep: Meester, reken hulle hierdie sonde nie toe nie! ***En met dié woorde het hy ontslaap****.*

Die Bybel stel dit duidelik dat wanneer 'n persoon (siel) sterf word hy in die grond begrawe en verkeer in 'n staat wat vergelyk word met slaap. Die vals heidense leerstelling wat sê die siel is onsterflik het ook aanleiding gegee tot die vals leerstelling dat die dooie wese hemel toe gaan of vir ewig in die hel brand.

In die studie word bewys dat die vals leerstelling van die onsterflike siel nêrens in die Skrif is nie, inteendeel word dit bewys dat 'n siel wel kan sterf. Die ander vals leerstelling van siele wat vir ewig in die hemel of hel voortbestaan was ook verkeerd bewys (Verwys en lees les 6 en 7 wat meer volledig oor hierdie onderwerpe handel).

17.8 Bewyse vanuit die Ou Testament dat die dooies in die graf slaap en nie in die hemel is nie.

Job 14:10 Maar 'n man sterwe en is magteloos; ja, 'n mens blaas die asem uit en—waar is hy?
Job 14:11 Die waters verdwyn uit die groot waterplas, en die rivier droog uit en lê droog—
Job 14:12 ***so lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie.***
Job 14:13 Ag, as U my maar in die doderyk wou wegsteek, my wou verberg totdat u toorn bedaar het, my 'n bepaalde tyd wou stel en dan aan my wou dink!
Job 14:14 As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom;

Ps 30:3 (30:4) Yahweh, U het my siel uit die doderyk laat opkom; U het my lewend gemaak uit die wat in die kuil neerdaal.

Ps 146:3 Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie.
Ps 146:4 ***Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe****; op daardie dag is dit met sy planne gedaan.*

Joh 3:13 ***En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is.***

Daar is absoluut geen teks in die Ou of Nuwe Testament wat bepaal dat 'n persoon (siel) sterf en na die hemel of na die hel gaan nie. Die profeet Job het dit geweet en sê met duidelikheid dat die wat reeds gesterf het in die aarde begrawe word en in 'n toestand van slaap verkeer in afwagting van die opstanding en die dag van oordeel vir elke persoon wat geleef het. Indien die mense wat alreeds gesterf het al klaar in die hemel of hel is, wat sou die doel wees van die opstanding en oordeelsdag van Yahweh?

17.9 Die Skrif sê duidelik dat elke mens wat ooit geleef het geoordeel sal word

Op 20:11 En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.
Op 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor Elohim sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.
Op 20:13 En ***die see het die dode gegee wat daarin was****, en* ***die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was****; en* ***hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke****.*
Op 20:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.
Op 20:15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

2 Kor 5:10 Want ons moet almal voor die regterstoel van Messias verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is ***om een maal te sterwe*** *en* ***daarna die oordeel****,*

Die gemiddelde ouderdom wat die mens deesdae op aarde bereik is tussen 60 en 70, daarna is dit so te sê geleende tyd en 'n seën om tot die ouderdom van 80 jaar en ouer, gesond te leef. Gedurende die mens se leeftyd moet elkeen aan Yahweh bewys dat hulle vir ewig getroue en lojale dienaars vir Hom sal wees. Yahweh, die Almagtige Vader skape elke mens met 'n lewende siel deur Sy asem van lewe in elk te blaas. Wanneer die persoon sterf keer hy terug na die grond waarvandaan hy geneem was en wag vir die opstanding wanneer hy geoordeel sal word en met die ewige lewe in die koninkryk van Yahweh beloon word of gestraf word vir sy sondes deur in die poel van vuur tot niet gemaak te word.

Elke mens wat nog ooit geleef het sal geoordeel word. Diegene wat 'n verbonds gelowige is, is 'n eersteling (eerste vrug) van Yahweh en sal deel wees van die eerste opstanding wanneer Yahshua terugkeer na die aarde. Die tweede opstanding sal na die millennium plaasvind; diegene wat dan uit die dood verwek word sal geoordeel word op die dag van die wit troon oordeling. Die wat so geseënd sal wees om as eerstelinge deel te wees van die eerste opstanding sal vereer word om saam met Yahshua te regeer tydens Sy duisendjarige heerskappy.

Op 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Yahshua en oor die woord van Elohim, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Messias die duisend jaar lank.

Op 20:5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.
Op 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van Elohim en van Messias wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Joh 5:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.
Joh 5:25 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van Elohim sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe.
Joh 5:26 Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê.
Joh 5:27 En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is.
*Joh 5:28 Moenie julle hieroor verwonder nie. Want **daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor***
*Joh 5:29 **en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.***

Joh 3:16 Want so lief het Elohim die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Joh 7:38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

*Rom 6:23 Want die l**oon van die sonde is die dood**, maar **die genadegawe van Elohim** is die **ewige lewe in Messias Yahshua**, onse Meester.*

Die ewige lewe is 'n geskenk van Yahweh, nie 'n reg nie. Die leerstelling van die onsterflike siel gee mens die wanindruk dat hul outomaties onsterflik is en nie veroordeel sal word nie. Dit gee ook 'n wanindruk dat die mens verhewe word om gelyk te wees met Elohim. Inteendeel, die werklikheid van die sonde is die dood, maar die gawe en die mees wonderlike geskenk van Yahweh is die ewige lewe. Almal wat geleef het, het misdade gepleeg wat volgens die Torah strafbaar is met die dood (*Rom 3:10-23*). Yahweh skuld ons niks nie, maar tog is Hy inniglik lief vir Sy skepping en daarom is Hy ons genadig en het Hy Sy Seun gestuur. Die kosbare bloed van Yahshua het die prys vir ons sondes betaal sodat diegene wat opreg berou en Sy offer aanvaar gered sal word (*Hand 2:37-41*). (Verwys na les 1, Toetrede tot die Nuwe Verbond en 2, Wat is opregte bekering?).

Rom 3:10 soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.
Rom 3:11 Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat Elohim soek nie.
Rom 3:12 Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.
Rom 3:13 Hulle keel is 'n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe.
Rom 3:14 Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid.
Rom 3:15 Haastig is hulle voete om bloed te vergiet.
Rom 3:16 Verwoesting en ellende is in hulle paaie,
Rom 3:17 en die weg van vrede ken hulle nie.
Rom 3:18 Daar is geen vrees van Elohim voor hulle oë nie.
Rom 3:19 Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor Elohim doemwaardig kan wees;
Rom 3:20 aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.
Rom 3:21 Maar nou is die geregtigheid van Elohim geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig,
Rom 3:22 die geregtigheid naamlik van Elohim deur die geloof in Yahshua Messias vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie;
Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van Elohim,

Geen mens is onsterflik nie en geen mens se lewe onstaan vanuit homself nie. Elke mens wat nog ooit geleef het, behalwe Yahshua, het gesondig en verdien die doodstraf volgens die ewige wet van Yahweh die Vader. Volgens die Skrif is daar net een manier om die doodstraf te verwyder en die ewige lewe te erf en dit is deur opregte berou van sondes, die aanvaarding van Yahshua se gestorte bloed vir die vergifnis van daardie sonde want Hy het die straf van ons sondes betaal en daardeur die doodstraf, asook ons sondes verwyder.

Eseg 18:4 Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun—hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe.

Die begin van die vers bevestig dat elke siel aan Yahweh behoort. Die mens sal sy dae uitleef as 'n tydelike, lewende siel en dan as hy ophou asemhaal sal sy siel sterf. Sommige mense sal uit die dood verwek word met Yahshua se wederkoms (die eerste opstanding); die res sal eers na die duisend jaar millennium heerskappy uit die dood verwek word (tweede opstanding) sodat elke mens wat ooit geleef het voor Yahshua die Messias se regterstoel sal staan om hul beloning te ontvang van die die ewige lewe, of ter dood veroordeel word waar hulle in die poel van vuur verbrand sal word en hul bestaan heeltemal vergeet sal word.

Satan gaan nogsteeds voort om die meeste mense te mislei en onder die wanindruk te bring dat hulle 'n onsterflike siel het wat nie deur die dood geraak word nie. In wese maak hulle hulself gelyk met Elohim. Heidense godsdienste leer hul mense van reïnkarnasie, met ander woorde, die sterflike liggaam se siel word omskep in 'n ander entiteit. Christen leraars predik dat christene onsterflik is en na die dood hul ewigheid in die hemel of hel spandeer. Elk van die voorafgaande gelowe vergeet dat die loon van die sonde die dood is en nie 'n ewige lewe in 'n ongemaklike, plek van pyn en leiding nie.

Die leerstelling van die onsterflike siel doen afbreek aan die offer wat ons Verlosser, Yahshua die Messias vir ons gedoen het. Inteendeel, die bose leerstelling gee mense 'n vals geloof dat hulle nou alreeds in die vlees oor hul onsterflikheid beskik, terwyl die Skrif dit duidelik stel dat daar tans net een is wat oor die onsterflikheid beskik, Yahshua ons Messias (*1 Tim 6:15 – 16*).

Dit is dieselfde leuen wat Satan aan Eva in die Tuin van Eden vertel het. Satan het Eva oortuig dat indien sy sondig en ongehoorsaam is aan Yahweh, sy nie sal sterf soos Yahweh hulle gewaarsku het nie, maar dat sy onsterflik sal wees soos Yahweh (*Gen 3:4-5*).

Moses het verklaar dat dit ons help om nederig te bly deur te verstaan dat wanneer jy jou laaste asem uitblaas en sterf jy geen bewussyn het van die grond waarin jy begrawe word nie, maar net slaap in afwagting vir die opstanding en oordeel van Messias.

Ps 90:12 Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom!

Wees geïnspireer om die meeste te maak van elke dag van hierdie lewe, want soos jy nou weet is ons dae kort voordat ons in die graf sal slaap. Dit behoort elkeen aan te moedig om sy hele hart in die werk van Yahweh in te span sodat elk kan vrugte dra vir sy Koninkryk want ons beloning of oordeel sal gegrond wees op die vrugte wat ons nou voortbring (*Joh 15:1-8*).

Kortlikse samevatting:

1) Die leerstelling van die onsterflike siel is heidens en word nie in die Bybel gevind nie.
2) Die mens is 'n lewende siel wat sterf met die laaste lewens asem wat uitgeblaas word. Die siel vaar nie na die hemel of hel nie.
3) Die siel wat sondig, dié sal sterwe en nie die ewige lewe erf nie.
4) Wanneer die mens sterf keer die krag van sy gees terug na Yahweh die Vader omdat dit deel is van Sy ewige gees, die asem van die lewe deur Hom aan ons gegee met geboorte.
5) Daar is geen bewussyn van die graf nie; in die Skrif word die dood vergelyk met slaap.
6) Elke mens wat nog ooit geleef het sal of opgewek word vir die eerste opstanding met die Messias se wederkoms of met die tweede opstanding na die millennium en sal beloon of gestraf

word op grond van hul werke gedurende hul leeftyd.
7) Die enigste manier om seker te maak dat jy na die dag van oordeel met die ewige lewe beloon sal word, is om nou alle sonde te bely, te bekeer en die gestorte bloed van Yahshua die Seun van Yahweh aanvaar om by die verbondsverhouding met Yahweh aan te sluit.
Toetrede tot die Nuwe Verbond word in diepte bespreek in Les 1.

Gaan na die webwerf www.coyhwh.com vir die aflaai van die DVD getiteld "The immortality of the soul".